REüNIE 2014 NUUSBRIEF 2

AUGUSTUS 2012

2012 AUGUSTUS

# Die 2 de nuusbrief…geniet dit….

## ONTHOU…

…sonder julle bydraes

( sTAALTJiEs )

kan die nuusbrief nie lekker interessant gemaak word nie...

'n Paar verskyn op bl 5 en 6

## TERUGVOERING OP VRAELYS

- ✓ Daar is 'n vraelys versprei (soos julle alreeds weet, en dankie aan diegene wat dit voltooi en terug gestuur het) en die inligting wat terug ontvang word, sal dan 'n prentjie skets hoe die belangstelling ens is.
- ✓ ONTHOU ASB OM JOU VRAELYS IN TE VUL as jy nog nie het nie.
- ✓ Daardie inligting gaan ons van tyd tot tyd in die nuusbrief weergee, soos hieronder:

| VRAAG volgens VRAELYS | GETAL TERUGVOERINGS Soos op 1 Augustus 2012 | % TERUGVOERING |
|---|---|---|
| 1. Op FB | 32 | 27 |
| 2. CD van **voor** die reünie wil hê | 31 | 26 |
| 3. Mail gestuur | 56 | 48 |
| 4. Mail geantwoord | 33 | 28 |
| 5. Mail onafgelewer | 3 | 3 |
| 6. Kan reünie bywoon | 27 | 23 |
| 7. Kan nie reünie bywoon nie | 1 | 1 |
| 8. Nie seker of reünie by gaan woon nie | 5 | 4 |
| 9. Wanneer moet reünie plaasvind? - Maart/April | 6 | 5 |
| 10. Wanneer moet reünie plaasvind? - Junie/Julie | 21 | 18 |
| 11. Wanneer moet reünie plaasvind? - September/Oktober | 6 | 5 |
| 12. Gedurende skoolvakansie | 2 | 2 |
| 13. Moet reünie in Windhoek plaasvind? | 27 | 23 |
| 14 Moet reünie NIE in Windhoek plaasvind NIE? | 0 | 0 |

| VRAAG volgens VRAELYS | GETAL TERUGVOERINGS Soos op 1 Augustus 2012 | % TERUGVOERING |
|---|---|---|
| 15. Maak nie saak waar reünie plaasvind nie | 6 | 5 |
| 16. Kleredrag: Formeel | 3 | 3 |
| 17. Klerdrag: Informeel | 30 | 26 |
| 18. Buffet | 2 | 2 |
| 19. Vaste spyskaart | 0 | 0 |
| 20. Braai/Spitbraai | 17 | 15 |
| 21. Maak nie saak nie (verwys 18,19,20) | 14 | 12 |
| 22. Sal op die reëlingskomitee dien | 8 | 7 |

| | | |
|---|---|---|
| 23. Cd van **NA** die reünie wil hê | 33 | 28 |
| 24. Sal eie foto's van die reünie beskikbaar stel | 32 | 27 |
| 25. Sal mini-reunies bywoon | 26 | 22 |
| 26. Wil verdere e-posse ivm die reünie ontvang | 33 | 28 |
| 27. Beskikbare e-posadresse | 58 | 50 |
| 28. Beskikbare telefoonnommers | 36 | 31 |
| 29. Getal leerlinge van die 74-groep in **Namibië** | 35 | 30 |
| 30. Getal leerlinge van die 74-groep in **Windhoek** | 16 | 14 |
| 31. Getal leerlinge van die 74-groep MET e-posadresse in **Namibië** | 26 | 22 |
| 32. Getal leerlinge van die 74- groep met e-posadresse in **Windhoek** | 14 | 12 |

**BOGENOEMDE INFO GEBASEER OP 33 TERUGVOERINGS OP 1 AUGUSTUS 2012**

Die rooi geskrewe gedeeltes hierbo gee 'n duidelike aanduiding van die meerderheid se keuse(s).
LW – Waar '**maak nie saak nie'** gekies is, sal dit onder die finale meerderheid getel word.
(Maw no 21 hierbo sal by no 20 getel word en no 15 by no 13)


***Agt (8) onderwysers opgespoor –***

**Mnre Bertus Gous (Windhoek),**
**Recht vd Westhuizen (Mariental),**
**Haas Coetzee (Keetmanshoop),**
**Piet Scholtz (Windhoek),**
**Proppies Steyn (Windhoek),**
**Twakkies du Toit (Weskus, Suid Afrika),**
**Klaus Linow (Windhoek) en**
**Juf Frischbutter (nou me Irmgard Haacke – Windhoek).**

## REëLINGSKOMITEE



**Mariana Gerber Viljoen**
**(Centurion)**
marianav@provectus.co.za



**Reünie 2014**
**Inligting van leerlinge/onderwysers byhou**
**Respons op vraelyste byhou**
**Nuusbrief**
**Musiek**
**Navrae**
**Verwerking van nuwe inligting**

**Theo vd Meer**
**(Windhoek)**
theodore.vandermeer@windhoekcc.org.na
Theo.vdmeer@yahoo.com



**Inligting van leerlinge/onderwysers byhou**
**Nuusbrief**
**Foto's en cd**
**Finansies (rekening is in Windhoek oopgemaak)**
**Musiek**
**Navrae**
**Verwerking van nuwe inligting**

## STREEKREüNIES (mini-reünies) WORD GEREëL DEUR

**(Leerlinge is in streke ingedeel om die reëlings vir die reünie te vergemaklik)**

**Mariana Gerber Viljoen**
**(Centurion)**
marianav@provectus.co.za



**Gauteng**
**Mpumalanga**
**Limpopo**
**Noordwes**

**Johanna Lessing Golden**
**(Durbanville, Kaapstad)**
johannam.golden@gmail.com



**Noord-, Oos-, Wes- en Suid-Kaap**

**Elize Opperman Cline**
**(Windhoek)**
ecline@ombudsman.org.na



**Namibië**

## SKOOLBESOEK en EREDIENS



**André Louw**
(Windhoek)
andrelo@iway.na

## FORMAAT en ALGEHELE FINALISERING VAN DIE REüNIE SAL DEUR DIE VOLLEDIGE REëLINGSKOMITEE IN SAMEWERKING MET

**André Louw**
(Windhoek)
andrelo@iway.na





**Ina Schickerling Theron**
(Windhoek)
heads@iafrica.com.na

## HANTEER WORD

## FINANSIES



**Theo vd Meer**
(Windhoek)
theodore.vandermeer@windhoekcc.org.na
Theo.vdmeer@yahoo.com

*Let asseblief op die korrekte bankbesonderhede soos aangedui hieronder – die info op die elektroniese vraelys –* VOOR 1 JUNIE 2012 - *is foutief (intussen reggestel).*



Donasies/skenkings
Donasies/skenkings
sal waardeer word
sal waardeer word

Bank Windhoek
Naam van rekening: TI van der Meer (WHS Reunie)
Posbus 20391 Windhoek Namibia
Rek no 8003 189 591
Tjekrekening (CHK)
Takkode 483-872
Tak Maerua Mall
Windhoek

Donasies/skenkings
Donasies/skenkings
sal waardeer word
sal waardeer word

Theo van der Meer - 10A - gaan die banksake hanteer en die fondse sal onder andere aangewend word vir ADVERTENSIES OM NOG '74-MATRIEKS op te spoor en om FINANSIËLE HULP te verleen aan persone wat graag die reünie wil bywoon, maar nie daartoe in staat is om die volle koste daarvan te dra nie (sal vertroulik hanteer word) -

*afhangend van hoeveel fondse in die bankrekening sal wees.*

**Enige inligting tot julle beskikking oor WHS, onderwysers, leerlinge, staaltjies ens sal waardeer word.Stuur dit asb aan Marianav@provectus.co.za**

## sTAALtJiEs – het jy geweet / het jy dit beleef / onthou jy...

Mariana Gerber Viljoen



Proppies Steyn – altyd gewonder of hy met volle konsentrasie luister of slaap as hy so toe oë in Windhoek-Oos se kerk gesit het.

Mnr Ferdi Theron – aantreklike man wat Afrikaans/Aardrykskunde gegee het en as ek reg onthou onderhoof was – een keer toe die inspekteurs daar was, moes ons op ons eie aangaan en in 'n stadium het hy vir ons kom sê "mooi so; hou julle pose" wat die ouens verkeerdelik as pouse verstaan het; chaos en Babelse lawaai.

Frau Bischoff – die meet van ons springjurke!! Kniel en dan 4 vingers van die grond af; en daai kyk wat sy mens gegee het. Maar sy was ook een van my favourites. En dan kon mens daarna die verstelling maak deur die rok so bietjie oor die gordel te vou.

Daleen van Zyl (nou Swanepoel) het een keer in st 7 my gordel aan hare vasgeknoop terwyl ons langs ons lessenaars gestaan het en daar kon ons die goed nie los kry toe ons moes gaan sit nie. En natuurlik op daardie ouderdom die onbedaarlike gegiggel en dan is ons uitgestuur.

Frau Neethling – een keer in Duits gesê dis oor muisneste wat ons nie ons verbuigings ken nie; die volgende dag het iemand vir ons twee pruike gebring waarmee ons 'n kort rukkie geloop het om die muisneste warm te hou - Jean Summers so 'n blonde koppie.

Antoinette Pretorius Badenhorst

wie se kamermaats, onder andere Bets Schoeman, in st 7 besluit het sy is te naïef en moet leer vry. Hulle het toe deur die badkamervenster gesluip (waar die koshuisbuurman - die weerman - hul kon sien uitsluip). **Mnr** Arend de Waal wat op daardie stadium hul huispa was, het hulle by die sirkel voorgekeer – en Antoinette reken dit was net genade want sy weet nie waarnatoe sy saam met Bets op pad was nie. Na preke en smeke in die huispa se studeerkamer is haar ouers nie gekontak nie, maar 'n paar weke later het al wat onderwyser van die petalje geweet.

Mnr Van der Westhuizen het by hulle toesig gehou tydens die eksamen en het seker besluit sy is die duiwel se kind. Op 'n stadium moes hy uitgaan en hulle het rond gestaan en kuier en toe hy terug kom was sy die een wat "chips" geskree het. Sy kan nie die straf onthou nie, onthou wel dat sy cheeky met hom was. En net daar besluit hy genoeg is genoeg en sy moes die res van die week voor in die klas sit, maar nie voordat hy gesê het hy moes haar eintlik deur die venster laat klim het nie!

En dan Mr Taylor (Birdie) met sy kleurvolle dasse en te kort langbroeke. Die klomp seuns het hom al sy dae gegee – een keer het hulle miere gevang en op hom gegooi. Die arme man se senuwees was klaar en die seuns het hom bly vertel die miere kom by die luidsprekers uit. 'n Paar van die seuns het daarna in die hoof, mnr Du Preez, se kantoor gaan draai.

Theo vd Meer

Juf Monica Myburgh - Sy het saam met mnr Bakkes en Pottie met die Suidwes skole hokkiespanne SA toe gery in die bus. Een aand sien ons iewers 'n ster en praat daaroor. Ek sê toe ewe droog 'dis seker Bethlehem se ster'…hulle het omtrent daaroor gelag en dit kort-kort opgehaal, veral as hulle 'n ster tydens die busrit gesien het…ek weet nou nog nie wat so snaaks daaromtrent was nie (was 'n 36 uur trip Johannesburg toe).

Mnr Boel Dreyer (1) – In die koshuis (toe ons 1971 na die nuwe koshuis getrek het) mag ons nie radios en kos in die kamers aangehou het nie. Met my liefde vir musiek was dit 'n gatslag. Saans, so 00:00 dan sluip ou Boel in die koshuisgange rond. En hy het ALTYD gedink ek rook, maar kon my nooit uitvang nie – 'by the way', ek het NOOIT op skool gerook nie – en ek dink hy het met daardie gedagte van my wat rook, saam graf toe gevat…maar dan het hy my wakker geskud en geruik of ek na rook stink.

Terselftertyd het ek radio (met 'n oorfoon) geluister (Springbok Radio se TOP 20 Vrydagaande laat) en dan sommer daar en dan 'n hou of 2 gekry (rottang was maar ou Boel se getroue metgesel…)…maar rook, hy kon my maar net nie uitvang nie…shame, want ek **het nooit gerook nie!!!** ***Eish!!!***

Mnr Boel Dreyer (2) – 'n Ander storie was toe hy (ek dink dit was 1972 of 1973) boompies naby die eetsaal/koskamer/kombuis met 'n vadoek vasgebind het…die boompies was klein (almal in 'n ry – julle sal die bome op die PowerPoint show sien van die skool/koshuis foto's – dis die rede waarom ek dit afgeneem het). Hy stuur my toe kombuis toe om 'n vadoek te gaan haal. Ek wonder toe waarom…kom terug met vadoek en, ja daar skeur hy die vadoek in repe en bind die bome vas, met ek wat daar met groot oë staan en wonder hoe hy verby die matrone gaan kom sonder 'n goeie verduideliking. Nodeloos om te sê, daar het niks van gekom nie! Of so dink ek.

Mnr Boel Dreyer (3) – Dan was daar nog die storie van die skoenspore teen die plafon…dink almal ken daai een!

Ek dink as jy nie of by hom klas gehad het, of in die koshuis was, of by hom in die (koshuiskantoor) was om slae te kry nie (en ek was gereeld daar oor my 'lang hare'…), was jy NIE eintlik regtig IN WHS NIE!

**Definitief nie.**

**Wat 'n belewenis.**

**M a a r  s o  w a s  B o e l  D r e y e r ,  'n  L E G E N D E ! !**

**Dankie mnr Dreyer!!**

## ADRESSE / GEGEWENS ONBEKEND

Kontakbesonderhede van die volgende leerlinge word gesoek:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10A | Eddie Scott<br>Alice Hugo | Rachelle Roos<br>Andre Koorts | Ben Swanepoel<br>Karel vd Bank | Elsa Esterhuizen |
| 10B | B Schalk Jacobs<br>Roelof du Toit<br>Eric Kuhn | Magda Poppie vd Berg<br>Jacob Gous | Myndert Blom<br>Nico Grobbelaar | Barbara Neumeister<br>Manfred Binding |
| 10C | Johanna Brits<br>Lorraine Labuschagne<br>Anne-Marie van Heerden | Iris von Hatten<br>Renate Moroff<br>Albert Mostert | Frances Spiegel<br>Jeane Brunette<br>Heidi Keet | Susan Schrader<br>Elsa Bosman |
| 10D | Ben van Rhyn<br>Lorna van Wyk<br>Maria vd Merwe | Rudolph van Aarde<br>Rina Oosthuizen | Rita Grobler<br>Marietjie Botes | Magdalena le Roux<br>Sonja Ueberruck |
| 10E | Stephan van Rensburg | Hennie Harmse | Elke Bender | Marlien Wiese |
| 10F | Andre Hauptfleisch<br>Elmarie Wickens | Peter Rohr<br>Christo v Mollendorf | Janette Oosthuizen<br>Deon Lindstrom | |

NUUSBRIEF

REëNIE 2014

## OPLOSSINGS OP DIE VOLGENDE BLADSY

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 8 | | 4 | 3 | | | |
| 4 | | | | 8 | | 5 | | |
| | 5 | | | | | | | 2 |
| | | 3 | | | 8 | | | 7 |
| | 1 | | | | 2 | | | 4 |
| 6 | | | | 9 | | | | 8 |
| 2 | | 9 | | | 6 | | 7 | 5 |
| | | | | | | 3 | | |
| 5 | 3 | | | | | | | 9 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | | | 2 | | | | | |
| 5 | | 9 | | | 3 | 1 | | |
| | | | | | 7 | | 4 | 5 |
| | | | | | | | | |
| | 1 | | | 7 | | 2 | 3 | |
| | | | | 6 | 1 | 5 | | |
| 1 | | 4 | | 9 | | | | |
| | | | | | 6 | 3 | | |
| 2 | | 5 | | | | 8 | | 1 |

## L i E d J i E s

***Gunsteling liedjies na aanleiding van die vraelyste -***

| | |
|---|---|
| ✓ heart | gene rockwell |
| ✓ you | peter maffay |
| ✓ cry to me | the staccatos |
| ✓ words | bee gees |
| ✓ seasons in the sun | terry jacks |
| ✓ sha la la i need you | the shuffles |
| ✓ suspicious minds | elvis |
| ✓ pretty belinda | chris andrews |
| ✓ my sentimental friend | herman's hermits |
| ✓ tie a yellow ribbon round the … | tony orlando and dawn |

**en dan**

**Neil Diamond se HOT AUGUST NIGHT (die eerste een)**

*REüNIE 2014 NUUSBRIEF*

## OPLOSSINGS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 8 | 5 | 4 | 3 | 7 | 9 | 6 |
| 4 | 9 | 6 | 2 | 8 | 7 | 5 | 1 | 3 |
| 3 | 5 | 7 | 9 | 6 | 1 | 8 | 4 | 2 |
| 9 | 4 | 3 | 6 | 1 | 8 | 2 | 5 | 7 |
| 8 | 1 | 5 | 3 | 7 | 2 | 9 | 6 | 4 |
| 6 | 7 | 2 | 4 | 9 | 5 | 1 | 3 | 8 |
| 2 | 8 | 9 | 1 | 3 | 6 | 4 | 7 | 5 |
| 7 | 6 | 4 | 8 | 5 | 9 | 3 | 2 | 1 |
| 5 | 3 | 1 | 7 | 2 | 4 | 6 | 8 | 9 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 4 | 1 | 2 | 5 | 9 | 6 | 8 | 3 |
| 5 | 8 | 9 | 6 | 4 | 3 | 1 | 2 | 7 |
| 6 | 2 | 3 | 8 | 1 | 7 | 9 | 4 | 5 |
| 3 | 5 | 7 | 9 | 8 | 2 | 4 | 1 | 6 |
| 8 | 1 | 6 | 4 | 7 | 5 | 2 | 3 | 9 |
| 4 | 9 | 2 | 3 | 6 | 1 | 5 | 7 | 8 |
| 1 | 3 | 4 | 5 | 9 | 8 | 7 | 6 | 2 |
| 9 | 7 | 8 | 1 | 2 | 6 | 3 | 5 | 4 |
| 2 | 6 | 5 | 7 | 3 | 4 | 8 | 9 | 1 |